



ANTWOORDE OP

10

VRAE

WAT JONGMENSE VRA

ANTWOORDE OP **10** VRAE
WAT JONGMENSE VRA

INHOUDSOPGAWE

- 1 Wie is ek?
- 2 Waarom is ek bekommerd oor my voorkoms?
- 3 Hoe kan ek met my ouers kommunikeer?
- 4 Hoe kan ek my foute regstel?
- 5 Sê nou ek word by die skool geboelie?
- 6 Hoe kan ek groepsdruk weerstaan?
- 7 Wat kan ek doen as druk op my geplaas word om seks te hê?
- 8 Wat moet ek omtrent seksuele aanranding weet?
- 9 Moet ek in evolusie glo?
- 10 Hoe kan die Bybel my help?

Party van die name van die jongmense wat in hierdie brosjure aangehaal word, is verander.

Hierdie publikasie word nie verkoop nie. Dit word voorsien as deel van 'n wêreldwye Bybelonderrigtingswerk wat deur vrywillige bydraes ondersteun word.

Besoek gerus www.jw.org as jy 'n bydrae wil maak.

Tensy anders aangedui, kom Skrifaanhalings uit die *Nuwe Wêreld-vertaling van die Heilige Skrif*. Die afkorting NW staan vir die Engelse *New World Translation of the Holy Scriptures*.

Answers to 10 Questions Young People Ask
Druk van Januarie 2016

Afrikaans (ypq-AF)
© 2016

Watch Tower Bible and Tract
Society of Pennsylvania

Published and printed by
Watch Tower Bible and Tract Society
of South Africa NPC
Robert Broomrylaan-Oos 1, Rangeview,
Krugersdorp, 1739, RSA

Made in the Republic of South Africa
Gedruk in die Republiek van Suid-Afrika

1

Wie is ek?

WAAROM DIT SAAK MAAK

As jy weet wie jy is en wat jou waardes is, sal dit jou help om wyse besluite te neem wanneer jy onder druk is.



WAT SOU JY DOEN?

Stel jou hierdie toneel voor: Karen is skaars tien minute by 'n partytjie toe sy 'n bekende stem agter haar hoor.

“Hoekom staan jy net daar?”

Toe Karen omdraai, sien sy haar vriendin Jessica met twee oop bottels in die hand. Sy weet dat dit alkohol is. Jessica druk een onder Karen se neus en sê: “Jy’s tog nie te jonk om ’n bietjie *pret* te hê nie, is jy?”

Karen wil nee sê, maar Jessica is haar vriendin. En Karen wil nie hê dat haar vriendin moet dink dat sy ’n “nat vadoek” is nie. Jessica is boonop een van die goeie meisies. En as sy drink, wat is dan so erg daaromtrent? ‘Dis net ’n drankie’, sê Karen vir haarself. ‘Dis nie soos om dwelms te gebruik nie.’

Wat sou jy doen as jy in Karen se situasie was?



STOP EN DINK!

Om in hierdie soort situasie ’n wyse besluit te neem, het jy ’n *identiteit* nodig. ’n Identiteit is ’n innerlike bewustheid wat vir jou sê wie jy is en wat jou waardes is. Hierdie kennis gee jou die vermoë om jou lewe self te beheer eerder as om toe te laat dat ander dit beheer.—1 Korintiërs 9: 26, 27.

Hoe kan jy sulke selfvertroue aankweek? Jy kan begin deur die volgende vrae te beantwoord.

1

WAT IS MY STERK PUNTE?

As jy weet watter vermoëns en goeie eienskappe jy het, sal dit jou selfvertroue 'n hupstoot gee.

BYBELVOORBEELD: Die apostel Paulus het geskryf: “Selfs al is ek onbedrewe in spraak, is ek beslis nie in kennis nie” (2 Korintiërs 11:6). Omdat Paulus die Skrif baie goed verstaan het, kon hy standvastig bly toe ander hom uitdaag. Hy het nie toegelaat dat hulle negatiewe gesindheid sy selfvertroue ondermyn nie.—2 Korintiërs 10:10; 11:5.

ONDERSOEK JOUSELF.

Skryf hieronder 'n *talent* of *vaardigheid* neer wat jy het.

Beskryf nou 'n goeie eienskap wat jy het. (Byvoorbeeld, is jy liefdevol? vrygewig? betroubaar? stiptelik?)

2

WAT IS MY SWAK PUNTE?

'n Ketting is net so sterk soos sy swakste skakel. Net so kan jou identiteit gou verswak as jy toelaat dat jou tekortkominge jou lewe beheer.

BYBELVOORBEELD: Paulus was bewus van sy swak punte. Hy het geskryf: “Ek skeep werklik behae in die wet van God na die mens wat ek innerlik is, maar ek sien in my lede 'n ander wet, wat stryd voer teen die wet van my verstand en my wegvoer as gevangene van die wet van die sonde.”—Romeine 7:22, 23.

ONDERSOEK JOUSELF.

Watter swakheid moet jy leer om onder beheer te hou?

As jy 'n sterk identiteit het, is jy soos 'n sterkgewortelde boom wat kragtige storms kan weerstaan



3

WAT IS MY DOELWITTE?

BYBELVOORBEELD: Paulus het geskryf: “Die manier waarop ek hardloop, [is] nie onseker nie” (1 Korintiërs 9:26). Paulus het nie doelloos deur die lewe gegaan en net gewag dat dinge gebeur nie; hy het eerder doelwitte gestel en dan daarvolgens gelewe.—Filippense 3:12-14.

Sal jy in ’n taxi klim en vir die bestuurder sê om heelyd om die blok te ry totdat sy brandstof op is? Dit sal baie dom wees—en baie geld kos!

Die les? Doelwitte gee jou rigting in die lewe en keer dat jy doelloos deur die lewe gaan. Jy weet waarheen jy op pad is en hoe om daar te kom.

ONDERSOEK JOUSELF.

Skryf hieronder drie doelwitte neer wat jy binne die volgende jaar wil bereik. _____

4

WAT IS MY OORTUIGINGS?

BYBELVOORBEELD: Toe die profeet Daniël waarskynlik nog ’n tiener was, het hy “in sy hart besluit” dat hy God se wette sou gehoorsaam, al was hy ver van sy familie af (Daniël 1:8). So doende het hy *getrou gebly aan homself*. Daniël het in ooreenstemming met sy oortuigings gelewe.

Sonder oortuigings sal jy besluiteloos wees. Soos ’n verkleurmannetjie sal jy van kleur verander om by ander jongmense in te pas—’n besliste teken dat jy nie jou eie identiteit het nie.

Maar wanneer jy in ooreenstemming met jou oortuigings optree—ongegag wat ander doen—behou jy jou identiteit.

ONDERSOEK JOUSELF.

Wat is jou oortuigings? Byvoorbeeld: Glo jy aan God? Indien wel, waarom? Wat oortuig *jou* dat hy bestaan?

Glo jy dat God se sedelike standaarde tot jou voordeel is? Indien wel, waarom?

Ten slotte, wat sal jy verkies—om soos ’n blaar te wees wat deur elke ligte windjie rondgewaai word of soos ’n boom wat selfs kragtige storms weerstaan? Versterk jou identiteit, en jy sal soos daardie boom wees. En dit sal jou help om die vraag *Wie is ek?* te beantwoord.

AKSIEPLAN

Kyk na die drie doelwitte wat jy onder vraag 3 neergeskryf het. Skryf nou een stap neer wat jy *hierdie maand* kan doen om elke doelwit te bereik.

Doelwit 1 _____

Doelwit 2 _____

Doelwit 3 _____

2

Waarom is ek bekommerd oor my voorkoms?

WAAROM DIT SAAK MAAK

Party dinge is belangriker as wat jy in die spieël sien.



WAT SOU JY DOEN?

Stel jou hierdie toneel voor: Wanneer Julia in die spieël kyk, sien sy net vet. “Ek moet gewig verloor”, sê sy vir haarself—al sê haar ouers en vriende dat sy “plankdun” is.

Julia het onlangs daaraan gedink om drastiese stappe te doen om “net twee kilogram te verloor”. Al wat sy moet doen is om haar ’n paar dae lank uit te honger . . .

Wat sou jy doen as jy soos Julia gevoel het?



STOP EN DINK!

Dis nie verkeerd om besorg te wees oor hoe jy lyk nie. Om die waarheid te sê, die Bybel sê goeie dinge oor die fisiese voorkoms van ’n hele paar vroue en mans, onder andere Sara, Ragel, Abigail, Josef en Dawid. Die Bybel sê dat ’n vrou met die naam Abisag “beeldskoon” was. —1 Konings 1:4.

Maar baie jongmense het ’n *obsessie* met hoe hulle lyk. Dit kan ernstige probleme veroorsaak. Dink hieraan:

- In een studie het 58 persent van meisies gesê dat hulle oorgewig is, terwyl net 17 persent werklik oorgewig was.
- In ’n ander studie het 45 persent van vroue wat eintlik *ondergewig* was, gedink dat hulle te veel weeg!
- In hulle pogings om gewig te verloor, het party jongmense slagoffers geword van anoreksie—’n lewensgevaarlike eetversteuring wat in werklikheid selfverhongering is.

As jy simptome van anoreksie of enige ander eetversteuring het, *moet jy hulp kry*. Begin deur met 'n ouer of 'n ander volwassene wat jy vertrou, te praat. Die Bybel sê: “'n Ware metgesel het te alle tye lief en is 'n broer wat gebore word vir die tyd wanneer daar benoudheid is.”—Spreeke 17:17.

DIE BESTE VERBETERING WAT JY KAN MAAK!

Dit is die innerlike persoon wat bepaal of 'n mens aantreklik is of nie. Dink aan koning Dawid se seun Absalom. Die Bybel sê:

“Daar [was] in die hele Israel geen man so mooi dat hy soveel geprys is nie. . . . Daar [was] geen gebrek aan hom nie.”—2 Samuel 14:25.

Maar hierdie jong man was trots en ambisieus en was verraderlik! Daarom stel die Bybel Absalom beslis nie in 'n goeie lig nie; dit beeld hom eerder uit as 'n man van skaamtelose dislojaliteit en moorddadige haat.

Met goeie rede gee die Bybel ons die volgende raad:

“Beklee julle met die nuwe persoonlikheid.”—Kolossense 3:10.

‘Laat julle versiering nie uiterlik wees nie, maar laat dit die geheime persoon van die hart in die onverderflike versiering van die stille en sagmoedige gees wees.’—1 Petrus 3:3, 4.

Daar is niks mee verkeerd om goed te wil lyk nie, maar jou persoonlikheid is baie belangriker as jou voorkoms. Op die lange duur sal jou prysenswaardige eienskappe jou vir ander aantrekliker maak as 'n sterk liggaam of 'n mooi figuur! “'n Mooi gesig word dikwels gou raakgesien”, sê 'n meisie met die naam Phylcia, “maar jou persoonlikheid en jou goeie eienskappe is wat mense die langste sal onthou.”

'N KYKIE NA JOU VOORKOMS

Is jy dikwels teleurgesteld met hoe jy lyk?

JA NEE

Het jy dit al ooit oorweeg om 'n fisiese defek met behulp van kosmetiese chirurgie of 'n streng dieet reg te stel?

JA NEE

Watter fisiese kenmerke sou jy wou verander as jy kon? (Trek 'n kring om dié wat van toepassing is.)

LENGTE GEWIG HARE
LIGGAAMSVORM GESIG GELAATSKLEUR

As jy op die eerste twee vrae ja geantwoord het en by die derde vraag drie of meer kenmerke omkring het, dink hieraan: *Daar is 'n goeie kans dat ander nie so 'n negatiewe beskouing van jou het as wat jy van jouself het nie*. Dit is maklik om oorboord te gaan en jou te veel te bekommer oor jou voorkoms.—1 Samuel 16:7.

Hoe jy jousef sien, kan net soos 'n beeld in 'n lagspieël wees



AKSIEPLAN

Ek kan beter na my gesondheid omsien deur . . .

Vir my sal 'n redelike oefenprogram die volgende insluit . . .

As 'n vriendin vir my vertel dat sy drastiese stappe doen om gewig te verloor, sal ek . . .

LEER MEER!

Kyk die video
Wat ander jongmense sê—Selfbeeld
op www.jw.org/af. (Kyk onder
BYBELLERINGE > TIENERS)



3

Hoe kan ek met my ouers kommunikeer?

WAAROM DIT SAAK MAAK

Hoe beter jy met jou ouers oor die weg kom, hoe makliker sal jou lewe wees.



WAT SOU JY DOEN?

Stel jou die volgende toneel voor: Dis Woensdagaand. Geoff, 17, is klaar met sy huistakies en is uiteindelik reg vir 'n welverdiende blaaskans! Hy sit die TV aan en val in sy gunstelingstoel neer.

Op daardie oomblik verskyn sy pa in die deur, en hy is nie gelukkig nie.

“Geoffrey! Hoekom mors jy jou tyd voor die TV wanneer jy veronderstel is om jou boetie met sy huiswerk te help? Jy doen nooit wat ek sê nie!”

“Hier gaan ons al weer”, mompel Geoff, hard genoeg om gehoor te word.

Sy pa leun vorentoe. “Wat het jy gesê, mannetjie?”

“Niks nie, Pa”, sug Geoff en rol sy oë.

Nou is sy pa regtig kwaad. “Jy praat nie so met my nie!” sê hy streng.

Hoe sou jy, as jy Geoff was, hierdie stryery voorkom het?



STOP EN DINK!

Om met jou ouers te kommunikeer, is soos om 'n motor te bestuur. As jy 'n padversperring teëkom, kan jy 'n ander roete vind.

BYVOORBEELD:

“Dis vir my moeilik om met my pa te kommunikeer”, sê ’n meisie met die naam Leah. “Partykeer praat ek al ’n rukkie met hom, en dan sê hy: ‘Jammer, praat jy met my?’”

LEAH HET TEN MINSTE DRIE OPSIES.

A

Skreeu op haar pa.

Leah skreeu: “Kom nou, dis belangrik! Luister!”

B

Hou op om met haar pa te praat.

Leah hou eenvoudig op om haar probleem met haar pa te probeer bespreek.

C

Wag vir ’n beter tyd en haal die onderwerp weer op.

Leah praat later persoonlik met haar pa of skryf vir hom ’n brief oor haar probleem.

Watter opsie dink jy moet Leah kies?

DINK HIERAAN: Leah se pa is ingedagte—en kom dus nie agter dat sy gefrustraerd is nie. As Leah dus **Opsie A** kies, kan dit lyk of haar geskreeu uit die bloute kom. Hierdie opsie sal Leah se pa waarskynlik nie ontvankliker maak vir haar woorde nie, en dit sal nie respek vir hom toon nie (Efesiërs 6:2). Niemand sal dus baat vind by hierdie opsie nie.

Hoewel **Opsie B** miskien die maklikste weg is om te volg, is dit nie die verstandigste weg nie. Waarom nie? Om haar probleme suksesvol te hanteer, moet Leah met haar pa praat—en om haar te kan help, moet hy weet wat in haar lewe aangaan. ’n Mens bereik niks as jy stilbly nie.

Met **Opsie C** laat Leah egter nie toe dat ’n padversperring ’n doodloopstraat word nie. Sy probeer die onderwerp eerder op ’n ander tyd bespreek. En as Leah besluit om vir haar pa ’n brief te skryf, kan dit haar dadelik beter laat voel.

As sy die brief skryf, kan dit haar ook help om presies te formuleer wat sy wil sê. Wanneer Leah se pa die brief lees, sal hy besef wat sy vir hom probeer sê het, en dit kan hom help om haar probleem beter te verstaan. Opsie C hou dus voordele in vir Leah en vir haar pa. Hierdie opsie volg die Bybel se vermaning om “die dinge na [te] streef wat vrede bevorder”, hetsy dit persoonlik of deur middel van ’n brief gedoen word.—Romeine 14:19.

Watter ander opsies het Leah dalk?

Kyk of jy aan een kan dink en skryf dit hieronder neer. Skryf dan neer watter gevolge hierdie opsie waarskynlik sal hê.

Opsie:

Gevolg:



Net soos jy nie moet toelaat dat ’n padversperring ’n doodloopstraat moet wees nie, kan jy ’n manier vind om met jou ouers te kommunikeer

WYSE RAAD UIT DIE BYBEL

“Eer jou vader en jou moeder.”
—Efesiërs 6:2.

“Laat julle woorde altyd aangenaam wees.”
—Kolossense 4:6.

“Wees [gou] om te hoor, stadig om te praat,
stadig om toornig te word.”—Jakobus 1:19.



MOENIE VERWARRENDE BOODSKAPPE UITSTUUR NIE

Onthou, wat jy gesê het en wat jou ouers dink jy gesê het,
is nie altyd dieselfde nie.

BYVOORBEELD:

Jou ouers vra waarom dit lyk of jy
in ’n slegte bui is. Jy sê: “Ek wil nie
daaroor praat nie.”

Maar jou ouers hoor: “Ek vertrou julle
nie genoeg om met julle daaroor te
praat nie. Ek sal met my vriende oor
die probleem praat, maar nie met jul-
le nie.”

Stel jou voor dat jy met ’n moeilike probleem sukkel en
dat een van jou ouers aanbied om jou te help. Maar jy sê:
“Moenie bekommerd wees nie. Ek kan dit self hanteer.”

Jou ouers hoor dalk:

’n Beter antwoord sal moontlik wees:

AKSIEPLAN

As ek weer voel dat ek nie met my ouers oor iets wil praat nie, gaan ek . . .

As my ouer my forseer om oor ’n onderwerp te praat wat ek nie wil bespreek nie, sal ek sê . . .

4

Hoe kan ek my foute regstel?

WAAROM DIT SAAK MAAK

As jy jou foute erken, sal dit jou verantwoordeliker en betroubaarder maak.



WAT SOU JY DOEN?

Stel jou hierdie toneel voor: Terwyl Tim met sy vriende speel, gooi hy 'n bal en breek 'n buurman se venster.

Wat sou jy doen as jy Tim was?



STOP EN DINK!

JY HET DRIE OPSIES:

- A** Hardloop weg.
- B** Blameer iemand anders.
- C** Vertel die buurman wat gebeur het en bied aan om vir die skade te betaal.

Jy wil dalk graag Opsie A kies. Maar daar is altyd goeie redes waarom jy jou foute moet erken—of dit nou met 'n gebreekte venster of met iets anders te doen het.

DRIE REDES WAAROM JY JOU FOUTE MOET ERKEN

1 Dit is die regte ding om te doen.

Die Bybel sê: “Ons [wil] ons in alles eerlik . . . gedra.”
—Hebreërs 13:18.

2 Mense is meer geneig om diegene te vergewe wat hulle foute erken.

Die Bybel sê: “Hy wat sy oortredings bedek, sal nie sukses behaal nie, maar hy wat dit bely en laat staan, sal barmhartigheid bewys word.”—Spreuke 28:13.

3 Bowenal maak dit Jehovah bly.

Die Bybel sê: “Die slinkse persoon is vir Jehovah verfoeilik, maar Sy intimiteit is met die regskaopenes.”—Spreuke 3:32.

Karina, 20, het ’n boete gekry omdat sy te vinnig gery het, en sy het dit vir haar pa probeer wegsteek. Maar sy kon dit nie vir altyd wegsteek nie. “Omtrent ’n jaar later”, sê Karina, “het my pa gesien dat daar ’n boete onder my naam is. Ek het in groot moeilikheid beland!”

Die les? Karina sê: “Om foute geheim te hou, maak dinge net erger. Jy betaal later daarvoor!”

HOE OM UIT JOU FOUTE TE LEER

Die Bybel sê: “Ons almal maak dikwels foute” (Jakobus 3:2, voetnoot in NW.) En soos ons gesien het, is dit ’n teken van nederigheid en volwassenheid om jou foute te erken—en om dit dadelik te doen.

Die volgende stap is om uit jou foute te leer. ’n Meisie met die naam Vera sê: “Ek probeer elke fout as ’n leersame ondervinding beskou en laat dit ’n les wees wat my sal help om ’n beter mens te wees en die situasie die volgende keer anders te hanteer.” Kom ons kyk hoe jy dit kan doen.

Jy leen jou pa se fiets en beskadig dit. Wat sal jy volgende doen?

- ▶ Sê niks en hoop jou pa kom niks agter nie.
- ▶ Vertel jou pa presies wat gebeur het.
- ▶ Vertel jou pa wat gebeur het, maar blameer iemand anders.

Jy druipe ’n toets omdat jy nie daarvoor geleer het nie. Wat sal jy volgende doen?

- ▶ Blameer die toets.
- ▶ Aanvaar verantwoordelikheid vir die feit dat jy gedruip het.
- ▶ Sê dat die onderwyser iets teen jou het.

Kyk nou weer na die scenario's wat vroeër genoem is en stel jou voor jy is (1) jou pa en (2) jou onderwyser. Wat sou jou pa en jou onderwyser van jou dink as jy jou foute geredelik erken? Wat sou hulle van jou dink as jy jou foute wegsteek?

Dink nou aan 'n fout wat jy gedurende die afgelope jaar gemaak het en beantwoord die volgende vrae.

Watter fout het jy gemaak? Hoe het jy dit hanteer?

- ▶ Ek het dit weggesteek.
- ▶ Ek het iemand anders daarvoor blameer.
- ▶ Ek het dit erken.

Sê nou jy het nie jou fout erken nie. Hoe het jy agterna gevoel?

- ▶ Wonderlik—Ek het daarmee weggekom!
- ▶ Skuldig—Ek moes die waarheid gepraat het.

Hoe kon jy die situasie beter hanteer het?

Wat het jy uit jou fout geleer?



Om oor foute van die verlede te tob, is soos om heeltyd in die truspieël te kyk terwyl jy 'n motor bestuur

WAT DINK JY?

Waarom huiwer party mense om hulle foute te erken?

Wat sal mense van jou dink as jy jou foute altyd probeer wegsteek, maar wat sal hulle van jou dink as jy jou foute erken?—Lukas 16:10.

AKSIEPLAN

Watter doelwit kan jy gedurende die volgende 12 maande probeer bereik in verband met hoe om jou foute te hanteer?



5

Sê nou ek word by die skool geboelie?

WAAROM DIT SAAK MAAK

Jou reaksie kan dinge verbeter
—of vererger.

WAT SOU JY DOEN?

Stel jou hierdie toneel voor: Thomas wil nie vandag skool toe gaan nie. Ook nie môre nie. Of ooit weer nie. Dit het alles drie maande gelede begin toe sy skoolmaats lelike stories oor hom versprei het. Toe gee hulle hom byname. Soms sal iemand Thomas se boeke uit sy hande stamp en maak asof dit 'n ongeluk was. Of een persoon uit 'n groep sal hom van agter af stoot, en wanneer Thomas om-draai, weet hy nie wie dit gedoen het nie. Gister het dinge nog erger geword toe hy aanlyn gedreig is . . .

Wat sou jy doen as jy Thomas was?



STOP EN DINK!

Jy is nie heeltemal magteloos nie! Trouens, jy kan 'n boelie op sy plek sit sonder om te baklei. Hoe?

- **MOENIE REAGEER NIE.** Die Bybel sê: “’n Sot laat al sy gees uit, maar hy wat wys is, hou dit tot op die laaste kalm” (Spreuke 29:11). As jy so kalm as moontlik bly—of ten minste lyk asof jy kalm is—sal diegene wat jou boelie, dalk belangstelling verloor.
- **MOENIE MET GELYKE MUNT TERUGBETAAL NIE.** Die Bybel sê: “Moet niemand kwaad vir kwaad vergeld nie” (Romeine 12:17). Om wraak te neem, sal die situasie net vererger.
- **VERMY MOEILIKHEID.** Die Bybel sê: “Skerpsinnig is die een wat die ramspoed gesien en hom verberg het” (Spreuke 22:3). Vermy mense wat moeilikheid kan veroorsaak en vermy situasies waarin jy geboelie kan word.
- **REAGEER OP ONVERWAGTE WYSE.** Die Bybel sê: “’n Sagte antwoord keer woede af” (Spreuke 15:1). Jy kan selfs humor gebruik. As ’n boelie byvoorbeeld sê dat jy vet is, kan jy eenvoudig jou skouers optrek en sê: “Ek kan seker ’n paar kilogram verloor!”
- **LOOP WEG.** “As jy stilbly, wys jy dat jy volwasse is en sterker is as die persoon wat jou lastig val,” sê die 19-jarige Nora. “Dit openbaar selfbeheersing—iets wat die boelie nie het nie.”—2 Timoteus 2:24.
- **WERK AAN JOU SELFVERTROU.** Boelies kan dikwels sien wanneer iemand min van homself dink en waarskynlik nie sal terug baklei nie. Maar as jy vir hulle wys dat hulle geen mag oor jou het nie, is baie boelies geneig om op te hou.
- **VERTEL IEMAND DAARVAN.** ’n Voormalige onderwyseres sê: “Ek sal enigiemand wat geboelie word, aanraai om iemand te vertel. Dit is die regte ding om te doen, en dit kan voorkom dat iemand anders geboelie word.”

HET JY GEWEET?

Om geboelie te word, verwys nie net na fisiese aanvalle nie; dit kan ook die volgende insluit:



Beledigings. “Ek sal nooit vergeet wat hulle my alles genoem het of wat hulle vir my gesê het nie. Hulle het my nutteloos, ongeliefd en niks werd laat voel. Ek sou dit verkies het as hulle my eerder ’n blou oog gegee het.”—Celine, 20.



Verstoting. “My skoolmaats het my begin vermy. Hulle het gedurende pouse gemaak asof daar nie plek by hulle tafel is nie sodat ek nie by hulle moet sit nie. Ek het die hele jaar lank gehuil en alleen geëet.”—Haley, 18.



Internetboeliery. “Deur net ’n paar toetse op ’n rekenaar te druk, kan jy iemand se reputasie verwoes—of selfs sy lewe. Dit klink soos ’n oordrywing, maar dit kan gebeur!”—Daniel, 14.

HOE SAL JY ANTWOORD?

WAAR OF ONWAAR

- 1 Mense word al duisende jare geboelie.
- 2 Om geboelie te word, is net onskadelike tergery. Dit is nie so ernstig nie.
- 3 Die beste manier om 'n boelie te laat ophou, is om terug te baklei.
- 4 As jy sien dat iemand geboelie word, is dit beter om dit te ignoreer.
- 5 Ondanks hulle grootpraterij, is boelies dikwels onseker van hulleself.
- 6 Boelies kan verander.

ANTWOORDE

- 1 **Waar.** Die Bybel praat byvoorbeeld van die Nefilim—'n groep wie se naam beteken: "Dié wat ander laat val."—Genesis 6:4, voetnoot in NW.
- 2 **Onwaar.** Om geboelie te word, dra by tot talle gevalle van selfmoord onder jongmense.
- 3 **Onwaar.** Boelies is dikwels fisies sterker as hulle slagoffers, wat dit sinloos maak om terug te baklei.
- 4 **Onwaar.** In hierdie geval is daar nie so iets soos 'n onskuldige toeskouer nie. As jy sien dat iemand geboelie word en niks sê nie, kan jy deel van die probleem word in plaas van deel van die oplossing.
- 5 **Waar.** Hoewel party boelies baie van hulleself dink, is ander onseker van hulleself en verkleineer hulle ander om hulleself beter te laat voel.
- 6 **Waar.** As boelies gehelp word, kan hulle hulleself denkwys en hulleself gedrag verander.

AKSIEPLAN

As 'n boelie my konfronteer, sal ek die volgende doen of sê:



As jy selfvertroue het, het jy iets wat die boelie nie het nie

LEER MEER!

Kyk die witbord-tekenprent *Sit 'n boelie op sy plek sonder om te baklei* op www.jw.org/af. (Kyk onder BYBELLERINGE > TIENERS)



6

Hoe kan ek groepsdruk weerstaan?

WAAROM DIT SAAK MAAK

Wanneer jy jou standpunt inneem, sal jy in beheer van jou lewe wees eerder as om toe te laat dat ander dit beheer.



WAT SOU JY DOEN?

Stel jou die volgende toneel voor: Terwyl twee van Brian se skoolmaats nader kom, kry hy 'n knop op sy maag. Hulle het hom al twee keer hierdie week probeer kry om te rook. Dit sal hulle derde probeerslag wees.

Die eerste seun sê:

“Is jy al weer alleen? Kom ek stel jou aan 'n vriend voor.”

Hy beklemtoon die woord “vriend” deur te knipoog terwyl hy iets uit sy hemsak haal en sy hand na Brian toe uitsteek.

Brian sien die sigaret tussen die seun se duim en wysvinger. Die knop op Brian se maag raak selfs erger.

“Jammer”, sê Brian. “Ek het mos vir julle gesê dat ek nie . . .”

Die tweede seun val hom in die rede: “Moenie so 'n bangbroek wees nie!”

“Ek is nie!” skraap Brian die moed bymekaar om te sê.

Die tweede seun sit sy arm om Brian se skouer. “Vat dit net man”, sê hy saggies.

Die eerste seun beweeg die sigaret nader aan Brian se gesig en fluister: “Ons sal vir niemand sê nie. Niemand sal ooit weet nie.”

Wat sou jy doen as jy Brian was?



STOP EN DINK!

Het Brian se skoolmaats regtig nagedink oor wat hulle doen? Het hulle hulle eie besluite geneem? Waarskynlik nie. Hulle is oor die algemeen deur ander beïnvloed. Hulle wil aanvaar word, en daarom laat hulle ander toe om te bepaal wat hulle doen.

Hoe sou jy, as jy in dieselfde situasie was, 'n ander pad gekies het en groepsdruk weerstaan het?

1 KYK VOORUIT

Die Bybel sê: “Skerpsinnig is die een wat die rampspoed gesien en hom verberg het, maar die onervarenes het verder gegaan en moet die straf ondergaan.”—Spreuke 22:3.

Jy kan dikwels moeilikheid sien kom. Jy sien byvoorbeeld 'n groep van jou skoolmaats wat eenkant staan en rook. As jy die probleem sien kom, kan jy voorbereid wees om dit te hanteer.

2 DINK

Die Bybel sê: “Behou 'n goeie gewete.”—1 Petrus 3:16.

Vra jou af: ‘Hoe sal ek op die ou end voel as ek met die stroom saamgaan?’ Jy sal dalk 'n rukkie lank die goedkeuring van ander jongmense hê. Maar hoe sal jy later voel? Is jy bereid om jou identiteit op te offer net om jou klasmaats tevrede te stel?—Eksodus 23:2.

3 BESLUIT

Die Bybel sê: “Die wyse vrees.”—Spreuke 14:16.

Vroeër of later moet ons 'n keuse maak en met die gevolge saamleef. Die Bybel praat van manne soos Josef, Job en Jesus, wat almal die regte keuse gemaak het. Dit praat ook van Kain, Esau en Judas, wat verkeerde keuses gemaak het. Wat sal jy doen?

Die Bybel sê: “Handel met getrouheid” (Psalm 37:3). As jy reeds oor die gevolge nagedink het en 'n besluit geneem het, kan dit verbasend maklik—en bevredigend—wees om te sê waar jy staan.

Moenie bekommerd wees nie—jy hoef nie vir jou skoolmaats 'n toespraak te lewer nie. 'n Eenvoudige maar besliste *NEE* is dalk genoeg. Of jy kan jou nie-onderhandelbare standpunt duidelik stel deur te sê:

“Nie vir my nie, dankie!”

“Ek doen nie sulke dinge nie!”

“Komaan, julle ken my beter as dit!”

Die sleutel is om dadelik en met oortuiging te reageer. As jy dit doen, sal jy dalk verbaas wees om te sien hoe gou jou skoolmaats jou sal uitlos!

WAT JY KAN DOEN AS JY GESPOT WORD

Sê nou ander jongmense spot jou? Hulle sê dalk: “Wat’s fout—is jy ’n bangbroek?” Besef wat hierdie soort aanmerking in werklikheid is—dit is niks anders as groepsdruk nie. Hoe kan jy reageer? Jy het ten minste twee keuses.

**Jy kan die aanmerking absorbeer. (“Jy’s reg, ek is bang!”
Sê dan kortliks waarom.)**

Jy kan die druk teruggee. Sê waarom jy weier, en doen dan ’n beroep op jou skoolmaats se intelligensie. (“Ek het gedink julle weet beter as om te rook!”)

As jou skoolmaats jou aanhou spot, *loop weg!* Onthou, hoe langer jy bly, hoe groter sal die druk word. As jy weglou, wys jy dat jy weier om toe te laat dat ander verander wie jy is.

Dis onrealisties om te dink dat jy van groepsdruk kan wegkruip. Maar jy kan besluit wat jy wil doen, sê waar jy staan en beheer oor die situasie kry. Op die ou end is dit jou keuse!—Josua 24:15.

AKSIEPLAN

Ek kan my voorberei om groepsdruk te weerstaan deur . . .

As ander jongmense druk op my probeer plaas om verkeerd te doen, sal ek . . .



As jy ingee onder die druk van ander jongmense, word jy soos ’n robot wat onder hulle beheer is

LEER MEER!

Kyk die witbord-tekenprent *Weerstaan groepsdruk!* op www.jw.org/af. (Kyk onder BYBELLERINGE > TIENERS)



7

Wat kan ek doen as druk op my geplaas word om seks te hê?

WAAROM DIT SAAK MAAK

Jou besluite oor seks sal verreikende gevolge op jou toekoms hê.



WAT SAL JY DOEN?

Stel jou hierdie toneel voor: Heather gaan nog net twee maande met Mike uit, maar dit voel vir haar asof sy hom al haar hele lewe lank ken. Hulle stuur gedurig vir mekaar teksboodskappe, hulle gesels ure lank oor die telefoon en hulle kan selfs mekaar se sinne voltooi! Maar nou wil Mike meer doen as net gesels.

Gedurende die afgelope twee maande het Mike en Heather net hande vasgehou en mekaar vlugtig gesoen. Heather wil nie verder gaan nie. Maar sy wil Mike ook nie verloor nie. Niemand anders laat haar so mooi en so spesiaal voel nie. 'Wat meer is', sê sy vir haarself, 'ek en Mike is mos verlief . . .'

As jy oud genoeg is om met iemand uit te gaan en jy in Heather se situasie was, wat sou jy volgende gedoen het?



STOP EN DINK!

As jy 'n fisiese wet, soos die swaartekragwet, ignoreer, sal jy die gevolge dra. Dieselfde geld as jy 'n sedewet oortree, soos die een wat sê: "Onthou [jou] van hoerery."—1 Tessalonisense 4:3.

Wat is die gevolge as 'n mens ongehoorsaam is aan hierdie gebod? Die Bybel sê: "Hy wat hoerery beoefen, sondig teen sy eie liggaam" (1 Korintiërs 6:18). Hoe so?

Navorsers het gevind dat baie van die jongmense wat voorhuwelikse seks gehad het, gewoonlik een of meer van die volgende gevolge ervaar.

● **ONTSTELTENIS.** Die meeste jongmense wat voorhuwelikse seks gehad het, sê dat hulle agterna spyt was daaroor.

● **WANTROUE.** Nadat 'n paartjie seks gehad het, begin albei wonder: 'Met wie *anders* het hy/sy al seks gehad?'

● **TELEURSTELLING.** Die meeste meisies verkies diep in hulle hart iemand wat hulle sal *beskerm*, nie gebruik nie. En baie seuns vind dat hulle minder aangetrokke voel tot 'n meisie wat ingegee het en met hulle seks gehad het.

Die slotsom: As jy voor die versoeking swig om voorhuwelikse seks te hê, verlaag jy jouself deur iets kosbaars weg te gee (Romeine 1:24). Jou liggaam is veels te kosbaar om weg te gee!

Wys dat jy beginselvas is deur jou te "onthou van hoerery" (1 Tessalonisense 4:3). As jy eendag wel trou, *kan* jy seks hê. En jy sal dit ten volle kan geniet, sonder die bekommernis, spyt en onsekerheid wat so dikwels deel is van die gevolge van voorhuwelikse seks.—Spreuke 7:22, 23; 1 Korintiërs 7:3.



Seks is 'n geskenk van God wat slegs vir getroude persone bedoel is. As jy voorhuwelikse seks het, misbruik jy daardie geskenk. Dit is soos om 'n mooi kledingstuk wat iemand jou gegee het, as 'n skoonmaaklap te gebruik.

NET VIR MEISIES



Baie seuns het al gesê dat hulle nooit met 'n meisie sal trou met wie hulle seks gehad het nie. Waarom nie? Omdat hulle iemand met hoër sedes verkies!

Verbaas dit jou of maak dit jou dalk selfs kwaad? Indien wel, moet jy onthou: Films en TV-programme verheerlik tienerseks en laat dit soos onskadelike pret of selfs ware liefde lyk.

Maar moenie naïef wees nie! Diegene wat jou probeer ompraat om voorhuwelikse seks te hê, soek net hulle eie belang.—1 Korintiërs 13:4, 5.

NET VIR SEUNS



As jy met iemand uitgaan, moet jy jou afvra: ‘Gee ek regtig vir my meisie om?’ As jou antwoord ja is, wat is die beste manier om dit te wys? Jy moet die *krag* hê om God se wette te gehoorsaam, die *wysheid* hê om omstandighede te vermy wat julle in die versoeking kan bring en die *liefde* hê om haar belange eerste te stel.

As jy hierdie eienskappe aan die dag lê, sal jou meisie waarskynlik voel soos die Sulamitiese meisie, wat goeie sedes gehad het en gesê het: “My beminde is myne en ek is syne” (Hooglied 2:16). Kortom, sy sal selfs liever wees vir jou!

WAT DINK JY?

- ▶ Sal enigiemand wat werklik vir jou lief is, jou fisiese en emosionele welsyn in gevaar stel?
- ▶ Sal enigiemand wat werklik vir jou omgee, jou in die versoeking bring om jou verhouding met God op die spel te plaas?
—Hebreërs 13:4.

AKSIEPLAN

Wat sal jy doen as iemand jou vra om seks te hê?

Watter omstandighede sou dit vir jou moeiliker maak om nee te sê?

Hoe sal jy daardie omstandighede vermy?

WENK

As iemand jou probeer ompraat om seks te hê deur te sê: “As jy vir my lief is, sal jy dit doen”, moet jy ferm antwoord: “As jy vir my lief is, sal jy dit nie vra nie!”

WENK

’n Goeie reël wat gedrag teenoor die teenoorgestelde geslag betref, is: As jy iets nie voor jou ouers sal doen nie, behoort jy dit glad nie te doen nie.

8

Wat moet ek omtrent seksuele aanranding weet?

WAAROM DIT SAAK MAAK

Elke jaar word miljoene mense verkrag of op ander maniere seksueel misbruik, en jongmense is 'n vername teiken.



WAT SOU JY DOEN?

Annette se aanvaller het haar op die grond neergegooi voordat sy beseft het wat gebeur. “Ek het hard teen hom baklei”, sê sy. “Ek het probeer skreeu, maar kon nie 'n woord uitkry nie. Ek het gestamp en gestoot, geskop, geslaan en gekrap. En toe het ek gevoel hoe 'n mes in my vel wegsink. Ek was verlam van vrees.”

Wat sou jy doen as jy in 'n soortgelyke situasie was?



STOP EN DINK!

Al is jy dalk voorbereid—moontlik deur versigtig te wees wanneer jy in die aand iewers heen gaan—kan slegte dinge gebeur. Die Bybel sê dat “die vinniges nie die wedloop het nie . . . en dat . . . dié wat kennis het, nie die guns het nie; want tyd en onvoorsiene gebeurtenisse tref hulle almal”.—Prediker 9:11.

Party jongmense, soos Annette, word deur 'n vreemdeling aangeval. Ander word deur iemand wat hulle ken of selfs 'n familielid aangeval. Natalie was net 10 jaar oud toe sy seksueel gemolesteer is deur 'n tiener wat naby hulle huis gewoon het. “Ek was so bang en skaam dat ek eers vir niemand vertel het nie”, sê sy.

DIT IS NIE JOU SKULD NIE

Annette voel nog steeds skuldig oor wat gebeur het. “Die gebeure van daardie aand speel oor en oor in my gedagtes af”, sê sy. “Dit voel asof ek harder teen hom moes baklei het. Maar nadat hy my met die mes gesteek het, was ek lam van vrees. Ek kon niks verder doen nie, maar ek voel ek moes.”

Natalie worstel ook met skuldgevoelens. “Ek moes mense nie so maklik vertrou het nie”, sê sy. “My ouers het gesê dat ek en my suster bymekaar moet bly wanneer ons buite speel, maar ek het nie geluister nie. Daarom voel dit asof ek daardie seun die geleentheid gegee het om my seer te maak. Wat gebeur het, het my gesin geraak, en ek voel dis my skuld dat hulle soveel pyn moes deurmaak. Dit is waarmee ek die meeste sukkel.”

As jy soos Annette of Natalie voel, moet jy altyd probeer onthou dat iemand wat verkrag word, *nie gewillig seks het nie*. Party mense neem hierdie saak ligtelik op en gebruik die verskoning dat dit normaal is vir seuns om so op te tree of dat slagoffers wat verkrag word, daarna gesoek het. Maar niemand verdien om verkrag te word nie. As jy die slagoffer van so 'n verskriklike daad was, onthou: *Dit is nie jou skuld nie!*

Dit is natuurlik maklik om die woorde “dit is nie jou skuld nie” te lees, maar dit is dalk baie moeiliker om dit te glo. Party mense krop alles op en word geteister deur skuldgevoelens en ander negatiewe emosies. Maar wie trek die meeste voordeel daaruit as jy stilbly—jy of die verkragter? Jy is dit aan jousef verskuldig om 'n ander opsie te oorweeg.

VERTEL IEMAND WAT GEBEUR HET

Jou gevoelens is dalk te moeilik om alleen te dra. Kry hulp deur met iemand daarvoor te praat

Die Bybel vertel ons dat die regverdige man Job, gedurende die moeilikste tyd in sy lewe, gesê het: “Ek sal in die bitterheid van my siel praat!” (Job 10:1). Dit kan vir jou goed wees om dit ook te doen. As jy iemand wat jy vertrou, vertel wat gebeur het, kan dit jou help om die verkragting te verwerk en verligting van jou ontstellende emosies te kry.

Dit is wat Annette ondervind het. Sy sê: “Ek het met 'n goeie vriendin gepraat, en sy het my aangemoedig om met 'n paar Christen-ouer manne in my gemeente te praat. Ek is bly dat ek dit gedoen het. Hulle het 'n paar keer met my gesels en vir my gesê presies wat ek moes hoor—dat wat gebeur het, nie my skuld was nie. *Geen* deel daarvan was my skuld nie.”

Natalie het met haar ouers gepraat oor wat gebeur het. “Hulle het my ondersteun”, sê sy. “Hulle het my aangemoedig om daarvoor te praat, en dit het my gehelp om nie so hartseer en kwaad te wees nie.”

Natalie het ook gevind dat gebed vir haar vertroosting gebring het. “Om met God te praat, het my baie gehelp”, sê sy, “veral wanneer ek gevoel het dat ek met niemand anders kon praat nie. Wanneer ek bid, kan ek vryelik praat. Dit gee my werklik 'n gevoel van vrede en kalmte.”

Daar kan ook vir jou 'n tyd vir genesing wees (Prediker 3:3). Sien om na jou fisiese en emosionele behoeftes. Kry die nodige rus. En vertrou bowenal op die God van alle vertroosting, Jehovah.—2 Korintiërs 1:3, 4.



AS JY OUD GENOEG IS OM MET IEMAND UIT TE GAAN

As jy 'n meisie is en jy word onder druk geplaas om jou aan onrein gedrag skuldig te maak, is daar niks mee verkeerd om ferm te sê: “Moenie dit doen nie!” of “Haal jou hand van my af!” Moenie stilbly omdat jy bang is dat jy jou kêrel sal verloor nie. As hy jou hieroor afsê, is hy nie die moeite werd nie! Jy verdien immers 'n ware man, een wat jou liggaam en jou beginsels respekteer.


AKSIEPLAN

Wanneer ek skuldig voel oor wat gebeur het, sal ek . . .

'n Volwassene wat ek kan vertrou en vertel wat gebeur het, is . . .

LEER MEER!

Kyk die video *Wat ander jongmense sê* —*Seksuele teistering* op www.jw.org/af. (Kyk onder BYBELLERINGE > TIENERS)



VRAE OOR SEKSUELE TEISTERING

“Op hoërskool het seuns dikwels van agter af aan my bra getrek en vernederende opmerkings gemaak —soos dat ek baie beter sal voel nadat ek met hulle seks gehad het.”—Coretta.

Dink jy hierdie seuns het:

- A Haar geterg? B Met haar geflankeer? C Haar seksueel geteister?

“Op die bus het 'n seun lelike dinge vir my begin sê en aan my gevat. Ek het sy hand weggeslaan en vir hom gesê om weg te gaan. Hy het na my gekyk asof ek mal is.”—Candice.

Wat dink jy het hierdie seun aan Candice gedoen?

- A Haar geterg? B Met haar geflankeer? C Haar seksueel geteister?

“Verlede jaar het 'n seun aanhoudend vir my gesê dat hy van my hou en met my wil uitgaan, al het ek elke keer nee gesê. Soms het hy my arm gestreel. Ek het vir hom gesê om op te hou, maar hy het nie. Toe, terwyl ek my skoene vasgemaak het, het hy my 'n klap op die boud gegee.”—Bethany.

Sou jy sê hierdie seun het:

- A Haar geterg? B Met haar geflankeer? C Haar seksueel geteister?

Die regte keuse vir al drie is C.

Hoe verskil seksuele teistering van flankeerdery of tergerg?

Seksuele teistering is eensydig. Dit duur voort, al sê die slagoffer vir die persoon om op te hou.

Seksuele teistering is ernstig. Dit kan ook tot seksuele geweld lei.

9

Moet ek in evolusie glo?

WAAROM DIT SAAK MAAK

As evolusie waar is, het die lewe geen blywende doel nie. As die skepping waar is, kan ons bevredigende antwoorde vind op vrae oor die lewe en die toekoms.



WAT SOU JY DOEN?

Stel jou hierdie toneel voor: Alex is verward. Hy het nog altyd aan God en aan die skepping geglo. Maar vandag het sy biologie-onderwyser daarop aangedring dat evolusie 'n feit is en dat dit op geloofwaardige wetenskaplike navorsing gebaseer is. Alex wil nie dom lyk nie. Hy dink by homself: 'As wetenskaplikes bewys het dat evolusie waar is, wie is ek dan om hulle te bevraagteken?'

Sou jy, as jy Alex was, evolusie aanvaar net omdat die handboeke sê dat dit 'n feit is?



STOP EN DINK!

Mense aan *albei* kante van die geskil sal dikwels gou sê *wat* hulle glo sonder om werklik te weet *waarom* hulle dit glo.

- ▶ Party mense glo aan die skepping net omdat hulle dit in die kerk geleer is.
- ▶ Baie mense glo aan evolusie net omdat hulle dit op skool geleer is.



Om te sê dat die lewe nie 'n Skepper het nie, is so belaglik soos om te sê dat hierdie huis nie 'n bouer het nie

SES VRAE OM OOR NA TE DINK

Die Bybel sê: “Elke huis word . . . deur iemand gebou, maar hy wat alles gebou het, is God” (Hebreërs 3:4). Is dit redelik om te glo?

BEWERING: Alles in die heelal het as gevolg van 'n toevallige oerknal ontstaan.

- 1 Wie of wat het die oerknal veroorsaak?
- 2 Wat maak meer sin—dat alles uit niks ontstaan het of dat alles by iemand ontstaan het?

BEWERING: Mense het uit diere geëvolueer.

- 3 As mense uit diere geëvolueer het—byvoorbeeld uit ape—waarom is daar dan so 'n groot gaping tussen die intellektuele vermoëns van mense en ape?
- 4 Waarom is selfs die “eenvoudigste” vorme van lewe so ongelooflik kompleks?

BEWERING: Evolusie is as 'n feit bewys.

- 5 Het die persoon wat hierdie bewering maak, die bewyse self ondersoek?
- 6 Hoeveel mense glo aan evolusie net omdat daar vir hulle gesê is dat alle intelligente mense daaraan glo?

“Sou jy, as jy deur 'n woud loop en 'n pragtige huis sien, dink: ‘Hoe ongelooflik! Die bome moes op presies die regte manier omgeval het om hierdie huis te maak.’ Natuurlik nie! Dit is eenvoudig nie redelik om so te redeneer nie. Waarom moet ons dan glo dat alles in die heelal toevallig ontstaan het?”—Julia.

“Stel jou voor dat iemand vir jou sê dat daar 'n ontploffing in 'n drukkerij was en dat die ink op die mure en plafon gespat het en die teks van 'n volledige woordeboek gevorm het. Sal jy dit glo?”—Gwen.

WAAROM MOET EK AAN GOD GLO?

Die Bybel spoor jou aan om jou “denkvermoë” te gebruik (Romeine 12:1). Dit beteken dat jou geloof in God op meer gebaseer moet wees as

EMOSIE (Ek voel net dat daar ’n hoër mag moet wees)

DIE INVLOED VAN ANDER (Ek is deel van ’n godsdienstige gemeenskap)

DRUK (My ouers het my grootgemaak om aan God te glo —ek het nie ’n keuse gehad nie)

Jy moet eerder goeie redes hê vir jou oortuigings.

“Wanneer ek in die klas is en luister hoe die onderwyser verduidelik hoe ons liggaam werk, twyfel ek glad nie dat God bestaan nie. Elke liggaamsdeel het sy eie funksie, wat tot in die fynste besonderhede vasgestel is, en hierdie funksies word dikwels verrig sonder dat ons daarvan bewus is. Die menseliggam is werklik verstommend!”—Teresa.

“Wanneer ek ’n wolkekrabber, ’n toerskip of ’n motor sien, vra ek my af: ‘Wie het dit gebou?’ Slegs intelligente mense kan byvoorbeeld ’n motor bou, want soveel klein onderdele moet presies reg werk sodat die hele ding kan funksioneer. En as motors deur iemand ontwerp moet word, dan is dit ook met ons as mense die geval.”—Richard.

“Hoe meer ek die wetenskap bestudeer het, hoe ongelooftwaardiger het evolusie gelyk. . . . Volgens my verg dit meer ‘geloof’ om aan evolusie te glo as aan ’n Skepper.”—Anthony.

IETS OM OOR TE DINK


Ondanks dekades se navorsing moet wetenskaplikes nog ’n verduideliking vir evolusie vind waarmee hulle almal saamstem. As wetenskaplikes nie oor evolusie kan saamstem nie—en hulle is veronderstel om die deskundiges te wees—sal dit dan verkeerd wees as jy die teorie bevraagteken?

AKSIEPLAN

Stel jou voor dat ’n skoolmaat vir jou sê: “Ek glo nie aan God nie. Glo jy aan God?” Skryf neer wat jy sou sê.

LEER MEER!

Kyk die video *Wat ander jongmense sê—Geloof in God* op www.jw.org/af. (Kyk onder BYBELLERINGE > TIENERS)



10

Hoe kan die Bybel my help?

WAAROM DIT SAAK MAAK

Die Bybel sê dat “die hele Skrif . . . deur God geïnspireer [is]” (2 Timoteus 3:16). As dit waar is, kan die Bybel jou die nodige leiding gee.



WAT SOU JY DOEN?

Stel jou hierdie toneel voor: David ry in ’n gebied waar *niks* bekend lyk nie. Die padtekens en bakens wys dat hy nie is waar hy moet wees nie. David besef dat hy verdwaal het. Hy moes iewers langs die pad by die verkeerde straat afgedraai het.

Wat sou jy doen as jy David was?



STOP EN DINK!

Jy het verskeie opsies:

- A** Vra vir hulp.
- B** Gebruik ’n kaart of ’n GPS.
- C** Hou aan ry en hoop dat jy op die een of ander manier die plek sal vind.

Opsie C is natuurlik die *ondoeltreffendste*.

Opsie B het ’n voordeel bo die eerste. Jy kan immers ’n kaart of GPS gedurende jou reis by jou hou, en dit kan help om jou te lei.

Die Bybel kan jou op ’n soortgelyke manier help!

Hierdie topverkoper kan

- ▶ jou deur die lewe se probleme help
- ▶ jou help om jouself beter te leer ken en ’n beter persoon te word
- ▶ jou wys hoe om die beste lewe moontlik te hê

ANTWOORDE OP DIE LEWE SE BELANGRIKE VRAE

Van die oomblik dat ons kan praat, vra ons vrae.

Waarom is die lug blou?

Waarvan is die sterre gemaak?

Later begin ons vrae vra oor die wêreld om ons.

Waarom gebeur slegte dinge?

Waarom sterf mense?

Sê nou die antwoorde op hierdie vrae was nog altyd in die Bybel?

Baie mense sê dat die Bybel vol mites en legendes is, dat dit verouderd is of dat dit eenvoudig te moeilik is om te verstaan. Maar is die Bybel werklik die probleem of is dit eerder wat mense oor die Bybel gehoor het? Is hulle dalk verkeerd ingelig?

Byvoorbeeld, mense dink dat die Bybel sê dat God in beheer van die wêreld is. Maar hoe kan dit wees? Hierdie wêreld is buite beheer! Dit word geteister deur pyn en lyding, siekte en die dood, armoede en rampe. Hoe kan 'n liefdevolle God hiervoor verantwoordelik wees?

Wil jy graag weet wat die antwoord is? Wat die Bybel sê oor wie in beheer van die wêreld is, sal jou dalk verbaas!

Jy het waarskynlik opgemerk dat die raad in hierdie brosjure op die Bybel gebaseer is. Jehovah se Getuies is oortuig daarvan dat die Bybel 'n betroubare bron van leiding is. Dit is omdat dit “deur God geïnspireer [is] en . . . nuttig [is] om te onderrig, om tereg te wys, om dinge reg te stel” (2 Timoteus 3:16, 17). Jy is dit aan jouself verskuldig om hierdie ou—maar moderne—boek te ondersoek!

LEER MEER!

Kyk die video *Waarom moet jy die Bybel studeer?* op www.jw.org/af.




Hulp vir jongmense

Vind antwoorde op vrae soos:

- ▶ Wie is ek?
- ▶ Waarom is ek bekommerd oor my voorkoms?
- ▶ Hoe kan ek met my ouers kommunikeer?
- ▶ Hoe kan ek my foute regstel?
- ▶ Sê nou ek word by die skool geboelie?
- ▶ Hoe kan ek groepsdruk weerstaan?
- ▶ Wat kan ek doen as druk op my geplaas word om seks te hê?
- ▶ Wat moet ek omtrent seksuele aanrading weet?
- ▶ Moet ek in evolusie glo?
- ▶ Hoe kan die Bybel my help?

Hierdie vrae word in hierdie brosjure bespreek.



TM

Amptelike webwerf van
Jehovah se Getuies

Skandeer kode of besoek
www.jw.org/af



Ypg-AF
160428